Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

**O.B.**

Jrg. 10 Kaapstad, 4 April 1951 Prys 3d. No. 18

# Duitsers Het Plan Vir Ekonomiese Vryheid

**'n Wetsontwerp is deur die Duitse Federale parlement aangeneem wat die eerste stap verteenwoordig in die daarstelling van 'n ekonomiese demokrasie in Duitsland.**

**Die naam wat aan die nuwe begrip van ekonomiese demokrasie gegee word is Sindikalisme.**

**Die moderne sindikalisme is 'n beskouing wat aan die werkgewers en werknemers in 'n bepaalde bedryf medeseggenskap en mede-verantwoordelikheid wil toeken ten aansien van die bestuur en huishoudelike aangeleenthede van die bedryf.** Dit is ekonomiese demokrasie in die sin dat dit beroepsregering is—dit is bestuur van die beroep of bedryf deur diegene wat in die beroep of bedryf werksaam is.

Die sindikalisme verwerp enersyds die kapitalisme wat verlang dat 'n bedryf beoefen moet word in belang van die kapitaliste wat dit besit en andersyds die staatsosialisme wat verlang dat die bedryf vir die staat beoefen moet word en bestuur moet word deur staatsamptenare. **In die eerste geval moet die werkers gedurig veg teen die kapitaliste vir hoër lone en in die tweede geval moet hulle weer teen die staat baklei vir laer belastings.** Die sindikalisme verlang dat ondernemer en werker gesamentlik wederseggenskap en medeverantwoordelikheid sal aanvaar om hul bedryf in belang van die volk te beoefen en om hul eie huis in orde te hou.

### ANTWOORD

Die sindikalisme is Europa se antwoord op sowel die kommunisme van Rusland, as die kapitalisme van Amerika en die staatsosialisme van Brittanje.

Die wetsontwerp wat die Duitse parlement aangeneem het bepaal dat, sodra sy yster- en staalnywerhede aan Duitsland teruggegee word, die beheer oor die nywerheid soos volg sal wees:

Aan die hoof van elke onderneming sal 'n raad van elf direkteure staan. Vyf direkteure sal deur die werkers benoem word en vyf deur die ondernemers. Die elfde direkteur moet 'n deskundige wees wat deur die ander tien gesamentlik benoem word. Op hierdie wyse sal die ondernemings van die yster- en staalnywerheid nasionale sindikate word en sal 750,000 Duitse yster- en staalwerkers medeseggenskap verkry oor en medeverantwoordelikheid moet aanvaar vir die bedryf waarin hulle werksaam is.

Dit is ekonomiese demokrasie waarna die mensdom van die twintigste eeu hunker.

### AANSPORING

Die sindikalisme los ook die probleem van aansporing op. In ondernemings wat nasionale sindikate is en waar bestuur deur beroepsregering in swang is, sal dit nie nodig wees vir kapitaliste of staatsamptenare om die werkers met aansporingslone en ander middels te soebat om te werk nie. Die seggenskap oor hul eie ekonomiese lot sal genoeg aansporing vir die werkers wees om hul bes te doen in hul eie (en terloops hul volk se) belang.

Die Ossewabrandwag verwelkom die opkoms van die sindikalisme in Europa want die beweging pleit ook vir ekonomiese demokrasie (of beroepsregering) en vir politieke demokrasie (of volksregering). Die Ossewabrandwag verwerp die Kommunisme, die staatsosialisme en die kapitalisme as synde almal vorms van ekonomiese diktatuur. Insgelyks verwerp die O.B. ook die Kommunisme en die partystelsel as synde vorms van politieke diktatuur. Die vernietiging van hierdie vorms van diktatuur en die vestiging van 'n volksgemeenskap wat ekonomies en polities vry is, is die grootse herskeppingstaak van die Ossewabrandwag.

# BRITTANJE ONS GROOTSTE GEVAAR IN AFRIKA

**Dit is seker nodig dat ons, wat genoem word die Swart Gevaar as 'n bedreiging vir die blankedom, nie onderskat nie. Weliswaar hoor 'n mens heelwat daarvan by verkiesings maar 'n mens twyfel of die volk wel die bedreiging vir die blanke beskawing volkome besef, skryf die Adjunk-leier, mnr. J. A. Smith. Daar was, ondanks sporadiese verwysings daarna deur politici, 'n groot mate — miskien glad te groot mate — van gerustheid. Die Suid-Afrikaner, meer bepaaldelik die Afrikaner het homself nog steeds mans genoeg gevoel om enige daadwerklike bedreiging, wat hy hoofsaaklik aan dink in die vorm van moontlike gewelddadighede, die hoof te bied. Met ander woorde, die volk wat te midde van hierdie soort gevaar ontstaan en opgegroei het, glo dat hy homself in enige vorm van werklike gevaar van daardie kant kan verdedig. En dit is ook volkome so as ons net aan moontlike gewelddadighede of onluste binne die grense van ons staat dink.**

Maar daar is vandag ander vorms van bedreiging en gevaar, werklike gevaar. **Een is die geweldige toename van die aantal nie-blankes in die blanke gebiede waar hulle 'n sosiale en ekonomiese bedreiging vir die witman word.** In hierdie opsig het ons wetgewers begin gryp na voorsorgsmaatreëls gegrond op die beginsel van segregasie of apartheid, wat bedoel parallelle bestaanslewe, ensomeer.

Dat die vraagstuk klaar hande uitgeruk het, blyk uit die grootskaalse verhuising van die vroeëre afgeskeie inboorlinge uit hul gebied na dié van die witman. En hoe meer nywerhede ontwikkel wat arbeid nodig het, hoe groter word die toeloop na die blanke sentrums. **Ons staatsmanne — as hulle dit nou besef — het twintig, dertig jaar te laat ontwaak. Die geroep om naturelle-arbeid binne blanke gebiede word al harder. Ons sal binne etlike jare vorentoe die ganse naturellebevolking van die naturellegebiede onder ons hê, of altans langsaan ons in stad en dorp kragtens die Groepsgebiede Wet. En hul arbeid is tussen ons. Die ekonomiese en sosiale apartheid word al moeiliker, ondanks hulpmiddels aangewend of voorgestel.**

### EINTLIKE GEVAAR

Maar ook dit is nie die groot gevaar vir ons in Suid-Afrika nie. Die gevaar is die Moondhede wat 'n gelykstellingsbeleid in gebiede onder hul vlag volg en die grootste bedreiging is dié wat Engeland skep. Die tyd het aangebreek dat ons baie reguit moet praat.

Engeland se beleid was tydens die bestaan van ons eie Republieke steeds om die inboorling as wapen en finale slagarm te gebruik. Met die hulp van kafferkommando's en -moordbendes onder Britse oppergesag en aanstoking het hy die twee Republieke op die knieë gebring. En hy het Swasieland binne Transvaalse gebied as Britse besitting vir verdere slaankrag uitgehou. En naasaan lê Basoetoland en Betsjoeanaland wat hy weier om by die Unie te laat inlyf om dieselfde rede. Die inboorlinge van daardie gebiede ding vandag vryelik in al ons nywerhede mee met dié onder ons voogdyskap.

### SWART STATE

Maar ook dit is nie dié grootste gevaar nie maar slegs onderdeel van 'n grotere. Engeland is besig om soos hy met Indië vroeër gedoen het, groot magtige inboorlingstate in Afrika, beginnende van die Noorde, te ontwikkel wat hom sy miljoene soldate kan gee. Dit nl. die militarisering en politieke opleiding op Britse lees geskoei, maak heel Afrika noord van die Zambesi die dodelikste gevaar vir die blankedom in Suidelike Afrika.

En dit is natuurlik dat 'n land wie se Empaaierson vinnig aan sak is selfs sodanige middels aangryp ter verlenging van sy Empaaierbestaan. **As hy dit op die klein met soveel voordeel teen Transvaal en Vrystaat kon gedoen het, waarom nie nou weer teen 'n moontlike republiek in Suid-Afrika nie!** Maar of hy dit doen met die een oog op 'n Afrikanerrepubliek in S.A. of nie, bly sy politiek ook vir die S.A. koninkryk steeds 'n groter gevaar as vir enige Europese staat wat hy hoop om daarmee te slaan. Afrika in sulke imperialistiese hande spel die uiteindelike val van die blanke beskawing ook later in Europa.

### KAP PAD

**Die teenswoordige bewind in Engeland, van onder deurweek met kommunisme, braak tans die vrugbare aarde in Afrika vir die kommunistiese gevaar uit Asië. Hulle kap die pad wyd oop, Suidpunt toe.**

**Dit is om hierdie rede en meer dat ek my verplig gevoel het om die republikeinse Afrikaner, soos ek hom ken, se standpunt ten opsigte van enige oorlog, binne of buite Afrika waarby ons betrokke raak, te stel. Ons kan nie onder die skyn of selfs bedoeling dat ons kommunisme daarbuite Afrika moet gaan beveg die gevaar nader tuis minag**



**nie.** Suid-Afrika moes sogenaamd „facisme" gaan beveg en Warschau vir die Russiese kommunisme help verower en help die helfte van Duitsland aan Stalin gee. Vandag word dit weer van Suid-Afrika geverg om in Korea te veg en nou, soos 'n paar dae na my waarskuwing op Vryheidsdag te Bellville, uit die pers geblyk het, met Engeland te gaan konfereer oor die s.g. verdediging van die Midde-Ooste en Afrika. **Intussen skyn dit dat Brittanje die hele Afrika se inboorlingrasse as 'n politieke en militêre masjien opbou.** Engeland met sy inboorlingpolitiek is vandag die gevaar van Suid-Afrika en nie die vriend, net so min as hy dit in daardie opsig ten opsigte van ons Republieke was. **Binne so 'n Ryk of s.g. Statebond is ons nou nie veiliger as buite dit nie.**

### SONDER KOMMUNISME

Dit is nie eens nodig dat die golwe van Russiese kommunisme oor Afrika moet spoel om ons bestaan in Suid-Afrika te bedreig of te vernietig nie. **Engeland met sy naturellebeleid in Afrika en Suid-Afrika is vir ons en die blanke kolonies presies dieselfde bedreiging en werklike gevaar.** Hy is besig om 'n Swart Dood vir die blanke christendom te ontketen wat soos die gloeiende lawa uit 'n

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

vuurspuwende berg die blankedom in Afrika gaan uitwis!

### BEROEP OP REGERING

Weer is dit ons plig om diegene in wie se hande ons belange tans rus, te smeek om van die geleenthede wat ons in die voorgestelde onderhandelinge om ons hulp — onmisbaar vir Engeland — gebied word, wyslik gebruik te maak om ons eise met die oog op die swart Brits-Afrika-gevaar vir ons te stel.

Die swart gevaar binnelands is daar en is ernstig, maar dit is die kleinste van die twee en behoort deur 'n regering wat wil uit die weg geruim te word. **Die grootste is egter dié wat die oplossing van eersgenoemde ook onmoontlik gaan maak en dit is Engeland se imperialistiese naturellebeleid in Afrika en Suid-Afrika.**

# Meerderheid Van Regering Daal

Die H.N.P. het die provinsiale tussenverkiesing in Wolmaransstad verlede week met 'n meerderheid van 1,679 stemme gewen vergeleke met hul meerderheid van 2,239 twee jaar gelede.

Die uitslag was:

| | |
|---|---|
| C. H. Boshoff (H.N.P.) ... | 3,539 |
| D. Hattingh (V.P.) ... ... | 1,860 |
| H.N.P.-meerderheid ... ... | 1,679 |

70.5% van die kiesers het gestem.

Die verkiesingsuitslag in 1949 was:

| | |
|---|---|
| L. M. Wentzel (H.N.P.) ... | 3,939 |
| J. K. Liebenberg (V.P.) ... | 1,700 |
| H.N.P.-meerderheid ... ... | 2,239 |

74% van die kiesers het toe gestem.

(Lees ook ons hoofartikel).

# HOËR PRYSE BRING HOËR DIWIDENDE

**Die pryse van rubberbande het in die afgelope paar jaar telkens 'n verhoging ondergaan — in sommige gevalle aansienlike verhogings. Rubber is vandag 'n noodsaaklike benodigdheid en speel steeds 'n groter rol in die produksie van voedsel namate ons landbou gemeganiseer word.**

Verlede week is berig dat 'n groot rubbermaatskappy in Suid-Afrika in sy jaarverslag aankondig dat 1950 'n rekordjaar was. DIE HANDELSWINS VIR DIE JAAR WAS £677,268 VERGELEKE MET £465,059 DIE VORIGE JAAR.

Die direkteure het besluit om 'n diwidend van 12 persent uit te betaal vergeleke met 10 persent twee jaar gelede.

Duurder rubber besorg wel groter diwidende aan diegene wat oortollige geld het om te belê, maar dit bring ook groter pryse vir voedsel wat gekoop moet word deur diegene wat in plaas van geld te belê, veplig is om vandag hul spaargeldjies uit die bank te trek ten einde die hoë lewenskoste te bestry.

Kommunisme kan nie verslaan word wanneer hierdie soort ekonomie in swang is nie. Wanneer een — en daarby 'n baie groot — deel van die volk hul spaargeldjies moet uittrek sodat ander hoër rente kan ontvang op hul beleggings, word Stalin 'n wapen in die hand gedruk wat kragtiger is as die kapitaliste se atoombom — wat Stalin in elk geval ook het.

DIE O.B., WOENSDAG, 4 APRIL 1951

# GELEENTHEID GAAN VERBY

Tussenverkiesings is in die partypolitiek die polsnemings van 'n party se krag gedurende sy ampstermyn van vyf jaar, en dit word as so betroubaar aanvaar dat regerings op grond daarvan al meermale bedank het. Dit is daarom van belang om die neiging van verkiesingsuitslae in die afgelope twee jaar in oënskou te neem. Verlede week is die uitslag in Wolmaransstad aangekondig. **Die H.N.P. se meerderheid is deur die Verenigde Party met 560 stemme na benede getrek vergeleke met die syfers van twee jaar gelede. Die uitslag van die tussenverkiesing in Albert-Colesberg in November verlede jaar het 'n daling van 187 in die H.N.P.-meerderheid aangetoon, terwyl die uitslae van Pretoria-Oos en Smithfield 'n maand later dalings van onderskeidelik 300 en 374 in die twee partye se verhoudings ten gunste van die Verenigde Party openbaar het. Ook in Mayfair in Augustus 1949 het die H.N.P. se meerderheid van 388 in 1948 tot 'n wankelbare 10 gedaal.**

Die uitslae hierbo genoem dek sowel die platteland as die stede, sodat dit as 'n taamlike betroubare maatstaf vir die toestand in die land oor die algemeen moet bied. **Dit moet dan duidelik wees dat die regering vandag in die gevaar verkeer om alle setels te verloor wat hy met 'n meerderheid van 500 hou. Daar is 13 sulke setels — en die verlies van die helfte soveel sal die regering se val beteken.**

Die parlementêre wiel is besig om te draai in die rigting van die „alternatiewe regering" (alias opposisie). Die oorwinningsvreugde van die Afrikaner van drie jaar gelede wat hom laat val het vir die propaganda-kreet dat dit „klaarpraat is met die Sappe," sal nou moet plek maak vir vrees en besinning. Tensy daar baie groot veranderings plaasvind in die politieke atmosfeer, kan met 'n taamlike mate van sekerheid aangeneem word dat die Afrikaanse regering oor twee jaar sal moet plek maak vir 'n nuwe Empirebewind. **Dan sal ons presies weer staan waar ons in 1947 gestaan het toe die vorige bewind alles in werking gestel het om die Afrikaner toe te ploeg. Dit sal dan te laat wees vir die regeringspartye van vandag om dan weer die republikeinse kreet aan te hef. Die welaangename tyd vir die republiek is vandag daar solank die Afrikaner die mag in hande het — nie oormôre wanneer hy weer „in die woestyn" is nie.**

# Laat Maar Loop

Die provinsiale raadstelsel is die afgelope jare van verskillende kante veroordeel as 'n beslommernis op die skouers van ons land. Die kritiek strek oor 'n breë vlak van die volksmening — van die minister van finansies gesteun deur die pers, tot selfs lede van die provinsiale rade self, van wie een 'n tyd gelede gesê het dat die raad minder werk het as 'n stadsraad. Van die vernaamste besware wat teen hierdie stelsel gemaak word, is dat dit die versnippering van belangrike volksdienste meebring, soos onder meer dié in verband met volksgesondheid.

Almal erken dat hierdie stelsel 'n kompromis-skepping van die Nasionale Konvensie was wat bedoel was om mettertyd te verdwyn. **Maar pleidooie vir die afskaffing van die stelsel staan in omgekeerde verhouding tot die gesag wat die kritici beklee. Hoe nader aan die kabinet hoe groter die gelatenheid waarmee die stelsel bejeën word, en 'n regeringsblad bepleit selfs die aanstelling van 'n soveelste kommissie om te kyk hoe die stelsel op sy huidige grondslag verbeter kan word aangesien afskaffing blykbaar nie uitvoerbaar is nie.**

Hierdie houding is tipies van die partypolitieke manier van doen. Ideale en beginsels word plegtig aanvaar en selfs met groot noukeurigheid in die partykonstitusie of -program omskryf, maar daarby bly dit dan ook. Vir byna veertig jaar is die republikeinse ideaal so aanvaar, maar telkemaal wanneer 'n republikeinsgesinde party die mag in hande kry om sy beleid in dade om te sit, word die republikeinse ideaal gerieflik op die ys geplaas vir die opposisie-dae wat eendag weer sal aanbreek.

## DAADKRAG ONTBREEK

Almal, behalwe 'n klompie jingo's van Natal, erken die gebreke en ondoeltreffendheid van die stelsel, maar aan die nodige moed of ondernemingsgees om reg te maak wat verkeerd is, ontbreek dit eenvoudig geheel en al. Dit is veel makliker om die dinge aan te pak wat op grond van hul gevoelswaarde hoe diwidende aan stemme vir die onderskeie partye sal lewer. Dit is duidelik dat die hele grondwetlike samestelling van die Unie 'n deeglike hersiening nodig het. Die senaat kan en word vandag nie eens deur senatore self verdedig as 'n liggaam wat 'n bykomende bydrae tot die land se wetgewing lewer nie, **maar niemand in 'n magsposisie verroer 'n vinger om die belastingbetaler van hierdie oortollige las te verlos nie.** Dieselfde geld vir die Britse koning se deelgenootskap aan ons wetgewende instelling. Dit kos die land jaarliks in die omgewing van £30,000 om 'n verteen-

(Vervolg in volgende kol.)

(vervolg van vorige kolom)

woordiger van die koning hier aan te hou om die werk van 'n rubberstempel te verrig.

## EUWEL

Dit, wat orige jukskeie betref. Maar die Britse parlementêre instelling met sy party-grondslag wat die landsbewind pens en pootjies aan die een of ander georganiseerde politieke kliek oorhandig wat uit die aard van die saak meer aandag moet bestee aan handhawing van sy bewind in die aangesig van 'n betaalde opposisie as aan bevordering van landswelvaart, is nie net 'n oortollige beslommernis nie, maar 'n regstreekse euwel wat opgeruim moet word.

Indien een van die bestaande partye nie in opstand kom teen sy eie beginsel en die hele grondwet en bestuursinstelling omskep tot 'n doeltreffende en volkseie inrigting nie, sal die volk self hom moet voorberei tot 'n groot opruiming van sy eie huishouding of die weg van verval moet opgaan wat sommige Europese state opgegaan het toe hulle met die Britse uitgediende stelsel voortgeploeter het na hul ondergang.

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *„Professor" Stalin*

Ek is deur 'n leser uit Kimberley, mnr. H. Hofmeyr, versoek om een en ander mee te deel oor „professor" Stalin. Ek sal my bes doen om aan my leser se versoek te voldoen. Hy skryf:

„Ek weet nie of ek u as oom of neef moet aanspreek nie. Maar aan watter ouderdomsgroep u ookal behoort, u kolomme in ,Die O.B.' is deksels interessant. Omdat u soms onderwerpe van baie uiteenlopende aard behandel, besit ek die vrymoedigheid om u 'n kort vragie te vra en 'n lang antwoord te verwag. Ek glo dat baie lesers in u antwoord belang sal stel, sodat u miskien nie ongeneë sal wees om die sakie u aandag te skenk nie.

„Kan u my deur middel van u rubriek een en ander meedeel omtrent die groot atoomnavorser en -deskundige, prof. Stalin? Sy vroeëre geskiedenis, sy rol gedurende die jongste oorlog en die lot wat hy sedert die oorlog moet verduur.

„Baie hartlik dank. Ek waardeer ten seerste."

Ek wil my leser baie bedank vir sy vriendelike opmerkings oor my kolomme. Ek hoop van ganser harte dat ander lesers met hom saamstem. Ek veronderstel my leser se vraag gaan oor Josef Stalin wat hom in die Kremlin in Moskou skuilhou. Oor hierdie mens sal ek een en ander meedeel.

### *Josef Word Agitator*

Joseph Vissarionovitch Dzhngashvili (sy van word somtyds ook Jugashvili gespel) is in 1879 naby die Kaukasiese dorp Tiflis gebore. Sy vader was 'n Georgiër en 'n skoenmaker van beroep. Hy het sy eerste opleiding aan 'n kerkskool in Tiflis ontvang in voorbereiding vir die priestersamp wat hy as lewensloopbaan sou volg. Maar op sewentienjarige leeftyd het hy Christus verruil vir Marx; by die Russiese Sosialistiese Party aangesluit en 'n agitator geword onder die werkers op die Kaukasiese olievelde.

In 1903 het Joseph by die Russiese Bolsjewistiese Party aangesluit onder die naam Joseph Stalin. (Die Russiese Sosialistiese Party het op hierdie stadium gesplits in ekstremiste en gematigdes — respektiewelik Bolsjewiste en Mensjewiste). Die nuwe van beteken „man van staal", en dit moes sy lojaliteit aan die ekstremistiese Bolsjewiste beklemtoon. En tot by die rewolusie in 1917 was Joseph ongetwyfeld 'n spyker in die sy van die Tsaar se polisie. Dit word vertel dat Stalin gedurende hierdie tydperk van sy lewe sy anargistiese gevoel vir wetteloosheid laat botvier het. Dit het natuurlik alles plaasgevind onder die dekmantel van die bevordering van die bolsjevisme! Uit hierdie tydperk dateer ook Stalin se berugte bedrywighede as bankrower. Stalin was nie 'n besonder glibberige klant nie — die Tsaar se polisie het hom dikwels in die tronk gegooi of na Siberië gestuur. Maar Stalin het gereeld ontsnap en maar weer sy wettelose bedrywighede voortgesit.

Die Tsaar se tronke was oënskynlik nie so dig soos Stalin s'n vandag is nie. En die Tsaar se regspleging was oënskynlik meer mensliewend as wat Stalin s'n vandag is. 'n Man wat vandag in Stalin se Rusland probeer doen wat Stalin destyds in die Tsaar se Rusland gedoen het, sal nie 24 uur lewe nie!

### *Die Rewolusie van 1917*

In Maart 1917 het die Bolsjewiste onder leiding van Lenin deur middel van 'n bloedige en moordende rewolusie die regeringsmag in die hande gekry. Stalin het onmiddellik sy skrede hoofstad-waarts gewend waar hy by die krip van baantjies aangesluit het. (Terloops mag ek net noem dat Lenin die ideologie van sy rewolusie nie die oorspronklike benaming van sosialisme gegee het nie, ook nie die nuwere ekstremistiese benaming van bolsjewisme nie, maar dat hy dit wel kommunisme genoem het). In 1919 het Stalin sekretaris van die hoofraad van die Russiese kommunistiese party geword. Hy het hom in sy nuwe amp ingegrawe totdat hy volkome beheer verkry het oor die kommunistiese partymasjien. Dit is belangrik om te onthou dat 'n partymasjien — wat blinde volgelingskap opeis — die bron is waaraan die magtigste diktator van die twintigste eeu sy krag ontleen. In 1924 is Lenin oorlede en breek die stryd oor opvolging aan tussen Stalin en Trotsky. Stalin het die hulp van Zinovieff ingeroep en gesamentlik het hulle Trotsky verslaan. Toe het Stalin weer saam met Kalinin gewerk teen sy eertydse vriend Zinovieff en hom vernietig. In 1927 was Stalin die onbetwiste baas van die kommunistiese partymasjien en as sodanig diktator van Rusland.

### *'n Gruwelike Skrikbewind*

Sedert die vroegste tye was Stalin se diktatuur 'n skrikbewind in die letterlike en gruwelikste sin van die woord. Diegene wat Stalin se bewind kritiseer met woord of daad word in die nag gegryp deur Stalin se geheime polisie en na slawekampe in Siberië of elders vervoer. Alleen in uitsonderlike gevalle keer sodanige ongelukkiges ooit weer na die gewone lewe terug. Dit word geskat dat daar vandag ongeveer 30 miljoen mense in Slawekampe in Rusland aangehou word. Hierdie gevangenes of slawearbeiders is die grootse en goedkoopste arbeidsbron. Lede van die kommunistiese party is glad nie veilig nie. Diegene wat nie kruiperig en onderdanig genoeg teenoor die bewind is nie gaan ook na die slawekampe as hulle nie gelukkig genoeg is om doodgeskiet te word nie. Die grootste suiwering van die kommunistiese party het in 1936 plaasgevind toe talle vooraanstaande kommuniste in Moskou verhoor en tot die dood veroordeel is.

### *Die Uitwissing van die Kulakke*

Stalin se hand rus doodswaar op enige persoon of groep persone wat strewe na selfstandigheid— nie net na politieke selfstandigheid nie, maar hoofsaaklik na ekonomiese of persoonlike selfstandigheid. Stalin verlang dat elkeen van sy miljoene onderdane 'n gewillige en afhanklike lik arbeider van die Russiese staat moet wees. Die mees berugte voorbeeld van die deurvoering van hierdie afhanklikheidsbeleid is die likwidasie of vermoording van die Kulakke. Dit is die naam wat gegee was aan die voormalige selfstandige Russiese kleinboerestand. Hierdie mense wou as selfstandige dog wetsgehoorsame onderdane van Stalin op hul eie klein plasies boer. Dit wou Stalin nie duld nie. Hulle moes afhanklike arbeiders word van die kommunistiese staat op die groot kollektiewe plase. Hierteen het die Kulakke hulle verset. Stalin het hulle tropsgewyse, man, vrou en kinders, laat doodskiet totdat die hele stand eenvoudig uitgewis is.

Stalin regeer nie terwille van sy onderdane nie. Hy regeer terwille van die vestiging en verbreiding van die gewaande kommunistiese wêreldmag. Die onmenslikste voorbeeld hiervan is ongetwyfeld die katoen-eksperiment. In die dertigerjare het Stalin gelas dat in die grootste gedeelte van Rusland wat aan Suid-Asië grens katoen gekweek moet word vir uitvoer. Stalin wou masjiene en wapens in die buiteland aankoop. Aangesien katoen gekweek moes word, is daar geen kos geproduseer in uitgestrekte dele nie. Die gevolg was 'n verskriklike hongersnood waaraan miljoene mense gesterf het.

### *Bang vir die Lewe en die Dood*

Ek wil nie verder oor Stalin se skrikbewind uitwei nie. Daar is verskeie insiggewende boeke oor die onderwerp in die Engelse taal beskikbaar, wat ek by my lesers kan aanbeveel. Ek wil tog die interessante gevolgtrekkings noem van verskeie waarnemers wat in die jongste tye met Stalin in aanraking gekom het. Hulle beweer dat Stalin 'n baie bang ou man is. Hy is bang vir die lewe en hy is bang vir die dood. Stalin is nie alleen die besbewaakte man op aarde nie, maar hy is ook die mees ontoeganklike. Hy is bang om in die strate van sy diktatorryk te beweeg; hy is bang om besoekers te ontvang — want hy vrees die sluipmoordenaar. Hy is bang dat sy kos vergiftig sal word. Hy is bang dat sy vriende hom sal verraai — soos hy gewoond was en is om te doen. Sy vrees vir die lewe en die daaruitvloeiende vermyding van mense maak hom 'n eensame ou man. Dit word vertel dat die Russiese volk wat, ten spyte van 'n dekade van kommunisme, nog steeds bygelowig en godsdienstig is, vas glo dat die duiwel die enigste een is wat hom oor Stalin se eensaamheid bekommer en derhalwe somtyds 'n uurtjie by hom in die Kremlin gaan ontspan. Vandaar dat miljoene Russe in die geheim die teken van die kruis maak

(vervolg op bladsy 4 kolom 5)

# Politici Bespreek Lot Van Geïnterneerdes

**Tydens 'n bespreking oor die polisie se salarisse het daar 'n woordewisseling oor die oorlogsinternerings in die volksraad plaasgevind. Ons gee onderstaande uittreksels weer uit Hansard:**

Mnr. BRINK: Vir my is dit een van die grootste vorms van huigelary dat die agb. lid vir Soutrivier hierdie saak te berde bring. Ek herinner hom aan die dae toe hy 400 polisie-amptenare in Johannesburg sonder rede laat arresteer het.

Mnr. LAWRENCE: Dit is onwaar.

Mnr. BRINK: Daardie 106 het vir jare lank in die interneringskamp gesit. Die agb. lid sê dit is onwaar, maar ek sal die bewyse hiervoor kan bring uit die departementele lêers as hulle ook nie verbrand is nie. Soos ek sê die mense het vir jare lank in die interneringskamp gesit. Al hul regte is van hulle weggeneem. Hul salarisse is verbeurd verklaar. Baie van hulle kon nie hul families behoorlik onderhou nie. Dit is wat gedoen is deur daardie agb. lid wat nou kastig die polisie wil beskerm.

Mnr. LAWRENCE: Ek sê dat daardie bewering onwaar is.

Mnr. BRINK: Ek wil graag sien of die agb. lid dit kan weerlê in sy antwoord op die debat.

### OB-LEDE

Mnr. BRINK: Waarom is daardie mense geïnterneer? Ek wil net die feite hier noem. Hulle was sogenaamde lede van die Osswabrandwag, maar hulle is geïnterneer nadat die hoof van die Ossewabrandwag, dr. Van Rensburg, al die polisiebeamptes wat lede was van die Ossewabrandwag eervolle ontslag gegee het. Hulle is met een pennestreep almal uitgevee as Ossewabrandwaglede, en na daardie tyd was hulle nog sogenaamd Ossewabrandwag - lede, nieteenstaande die feit dat hulle eervolle ontslag gekry het nie. Ek was ook 'n staatsamptenaar in daardie tyd, en ek is ook verbied om daaraan te behoort. Ons het almal eervolle ontslag gekry, en nieteenstaande dit is daardie mense ontslaan. So het die agb. lid die polisie beskerm.

Mnr. LAWRENCE: Wat is hierdie bewering dat ek hulle geïnterneer het as hulle lede van die Ossewabrandwag was?

### AFRIKAANSBEWUS

Mnr. BRINK: Dit is een van die redes. 'n Ander rede is dit: Omdat die mense opgekom het vir hul Afrikaanse kultuur, omdat hulle nie so gedwee in die oorlogstyd wou aansluit en die rooi lussie dra nie; omdat hulle Afrikaans gepraat het en Afrikaansbewus was, en nog verder, omdat die polisie opgetree het toe sekere soldate op aandrang van die oorlogspsigose, die Voortrekker-gebou aangeval het. Dit is alles dinge wat daartoe bygedra het dat die polisie ontslaan is.

Mnr. LAWRENCE: Waarom het ek dan net 'n paar van die mense geïnterneer en nie vir u nie?

Mnr. BRINK: Vierhonderd is sekerlik nie 'n paar nie.

Mnr. LAWRENCE: Nee, u praat nou van lede van die Ossewabrandwag.

Mnr. BRINK: Nee, 400 was 'n taamlike groot getal onder die polisie, en waarom het hy hulle nie in diens herstel nie?

### GEWAARSKU

Mnr. LAWRENCE: Dr. Malan het my gewaarsku teen die Ossewabrandwag.

Mnr. BRINK: Die agb. lid sal natuurlik nou allerhande dinge sê om hierdie saak te bewimpel.

Mnr. LAWRENCE: Hy het gesê dat hulle gevaarlik is in sy toespraak in die Paarl.

Mnr. BRINK: Ek wil tog, terwyl ek met hierdie saak besig is, die saak van die oud-geïnterneerdes 'n bietjie verder behandel . . . Hulle het 'n geweldige verlies gely, en ek wil vanmiddag 'n spesiale pleidooi lewer dat hierdie regering die saak van die oud-geïnterneerdes behoorlik in hersiening sal neem sodat daar reg aan hulle kan geskied. Ek meen dat die reg ook binnekort ingeroep sal word en ek hoop dat die reg dan sy plig sal voel teenoor daardie persone wat wederregtelik ontslaan is en dat hulle behoorlik vergoed sal word vir die skade wat hulle gely het in die verlede. Hulle eis nie baie nie; ek het 'n studie gemaak van hierdie hele saak en die agb. lid vir Soutrivier hoef nie bang te wees dat ek sommer uit die lug praat nie.

### „BEGRAWE"

Mnr. LAWRENCE: Ek het gehoop dat dit beter sou wees om hierdie dinge van die verlede te begrawe. Maar aangesien die agb. lid hierdie saak vanmiddag geopper het, laat my aan hom sê dat geen Unie-burger gedurende die oorlog deur my of deur enigeen van my kollegas geïnterneer is tensy daar getuienis prima facie was dat die persoon skuldig was aan ondermynende bedrywighede teen die Staat in tyd van oorlog nie.

Mnr. BRINK: Is dit so?

Mnr. LAWRENCE: Ek stel dit as 'n feit.

Mnr. BRINK: Nee.

Mnr. LAWRENCE: Mnr. die Speaker, die agb. lid moet my woord aanvaar. Ek herhaal dat geen Unie-burger deur my geïnterneer is tensy daar getuienis prima facie was dat hy 'n oortreding begaan het nie.

### ONDER EED

Mnr. LAWRENCE: Maar ek wil aan my agb. vriende sê dat ek geen verskoning vra vir enige daad wat ek verplig was om in belang van nasionale veiligheid te doen nie. Ek is dikwels in hierdie Raad geblameer vir onnasionale, onverantwoordelike gedrag. Laat my aan my agb. vriend, die lid vir Christiana, sê dat dit een van die moeilikste en mees onaangename take onder my baie take was wat ek gedurende die oorlog moes onderneem, om oor internerings te besluit; en laat my aan hom sê dat vir elke geval van 'n Unie-burger wat ek geïnterneer het, ek ten minste tien of twaalf aanbevelings vir internering wat na my gekom het, afgekeur het.

Mnr. VAN DEN BERG: Mag ek u 'n vraag stel? Sal u daardie verklaring onder eed doen?

Mnr. LAWRENCE: My agb. vriend behoort die prosedure te ken. Hy was 'n heldhaftige lid van Sy Majesteit se magte.

Die WAARN. SPEAKER: Die agb. lid moet daardie opmerking terugtrek.

Mnr. VAN DEN BERG: Watter verklaring.

### OORLOGSPOGING

Maj. VAN DER BYL: Mnr. die Speaker, dit is volkome duidelik wat die agb. lid vir Krugersdorp gesê het. Hy het gevra of die agb. lid vir Soutrivier daardie verklaring onder eed sal doen. Met ander woorde, wat hy gesê het, was nie waar nie.

Die WAARN. SPEAKER: Die agb. lid vir Krugersdorp moet daardie verklaring terugtrek.

Mnr. VAN DEN BERG: As dit onparlementêr is, sal ek dit sekerlik terugtrek.

Mnr. LAWRENCE: Ek bekommer my nie oor die agb. lid vir Krugersdorp nie. Ek weet watter waardevolle lid van die werwingspersoneel hy was in daardie dae, en ons onthou altyd met dank sy onderskeie pogings ten behoewe van die oorlogspoging.

# Wetgewing Nodig Om Reënmakers Te Beheer

**Wetgewing om reënmakers te beheer word eerlang in Amerika verwag. Senator Anderson het gewaarsku dat tensy stappe gedoen word om private ondernemings van die aard te beheer, 'n deel van Amerika eersdaags 'n woestyn kan word terwyl die res verspoelings ondergaan.**

Verskillende soorte eise is deur 'n groot aantal mense ingestel teen die reënmakers. Ten gevolge van 'n groot neerslag wat verlede jaar in die omgewing van New York veroorsaak is, is eise wat gesamentlik soveel as £700,000 deur mense ingestel wat verklaar dat die reën hul oeste of hul eiendom beskadig het. Klagte is ook ingedien dat wolke wat normaalweg op sekere plekke sou reën, deur die New Yorkse owerheid „gesteel" en uitgebuit is.

Met die oog op hierdie omstandighede het die staat Wyoming reeds 'n wet aangeneem wat alle wolke bokant sy gebied tot staatseiendom verklaar.

In Colorado het 'n eiendomsagent 'n eis van £90 ingestel teen plaaslike reënmakers wat „die swaarste sneeuval in twintig jaar veroorsaak het."

„Niemand het aan ons gevra of ons hier kapok wil hê nie. Hulle het dit eenvoudig op ons afgegooi," het hy gesê.

**Reënmakery het egter ook sy militêre aspek en dit verg ook tans die aandag van die Amerikaanse regering. Wetenskaplikes het getuig dat weerbeheer uiteindelik 'n oorlogswapen kan word. Die moontlikheid dat nie net reën nie, maar ook elektriese storms en orkane opgewek kan word, is uitgespreek.**

# Hoopvol Oor Kankermiddel

Dr. André Ivy, ondervoorsitter van die Universiteit van Illinois, het op 'n byeenkoms van natuurkundiges verklaar dat hy welslae behaal het met die behandeling van kankerpasiënte met 'n nuwe soort serum, krebiozen, wat van perde verkry word. Hy meen dat dit groot moontlikhede inhou.

# Persoonlike Kontak Bind Empire Saam

**Die Britse minister van statebondsbetrekkinge, Patrick Gordon-Walker, het by sy terugkeer in Londen ná sy besoek aan Suid-Afrika die belangrikheid van persoonlike kontak tussen die Empire-lande weereens beklemtoon as 'n band wat die Empire saambind. Hy het gesê dat die Statebond sy eie metodes van onderlinge voeling ontwikkel het wat met groot welslae werk en dat besoeke van dominiale ministers aan Brittanje, soos by geleentheid van eerste ministerskonferensies en ander ryksbyeenkomste, dien om bande te verstewig. Dit het egter nodig geword dat Britse ministers voortaan meer dikwels die dominiums moet besoek.**

Tydens sy besoek aan die Unie het Gordon-Walker gesê:

**„Persoonlike kontakte, die kroon, die stelsel van parlementêre demokrasie wat die mag in die hande van 'n eerste minister konsentreer wat self nie staatshoof is nie; en die statebondsmasjinerie om menings en inligting uit te ruil — dié dinge hou die Statebond bymekaar."**

# Droster Keer Terug Van Kommuniste

'n Britse soldaat, John Walker, wat 'n jaar gelede met sy Duitse vrou weggeloop het na die Russies-besette deel van Duitsland, het so pas na die Weste teruggevlug. Hy is so ontnugter dat hy liewer die gevaar trotseer om as droster doodgeskiet te word.

Volgens sy vrou is hulle met ope arms in Oos-Duitsland deur die Kommuniste onvang, maar nadat hy 'n persverklaring gedoen en oor die radio uitsendings gedoen het, is hy en sy vrou aan hul lot oorgelaat sonder 'n dak oor hul koppe. Die Russe het hulle gewaarsku dat Walker doodgeskiet sou word as 'n droster indien hy na die Weste vlug.

# Vrygelaat Na Vyf Jaar Se Marteling

Daar is verlede week berig dat genl. Alexander von Falkenhausen wat aan die einde van verlede jaar as „oorlogsmisdadiger" in België gevonnis is nadat hy vir meer as vyf jaar 'n Belgiese tronke op verhoor gewag het, vrygelaat en toegelaat is om na Duitsland te gaan. Hy is 73 jaar oud.

Tydens sy gevangehouding is sy eggenote oorlede, maar die Belgiese owerheid wou hom nie toelaat om by haar sterfbed die sakramente saam met haar te gebruik of na haar dood haar begrafnis by te woon nie.




Waar u ook mag wees

**Kommando**

is die gewildste

Suid-Afrikaanse sigarette




GI-3056-AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**VAN SITTERT:** Aan Frans en Dorothy 'n fris O.B.-dogter op 27 Maart 1951. Albei wel. Dank aan God, en daarna aan die susters van die Rooms Katolieke Hospitaal, Usakos. 4/4/1B

### TE KOOP

**3,000 Pragtige opregte, swart Australorp** gewaarborgde kuikens, beskikbaar weekliks. Eerste klas grootmaak vermoë. £6/10/- per honderd. **NASIONALE BROEIERY, Posbus 1128, Bloemfontein.** 31/1/17B

Spinwiel met stel nuwe kamme. — Doen aansoek by — **Kommandante A. M. Jeppe, Chamberlainstraat, 120, Woodstock.** 4/4/1B

### RADIO

**LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435**

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179,** Kaapstad. 3/12/11

Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
*Parow*




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."

**VERVOERDIENS**

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**P A R O W**

# Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika** is vandag **'n Koninkryk** onder 'n **Britse koning:**
DIE O.B. veg vir **'n Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.
DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..........................

..........................*vir die eerste*..........................*maande.*

NAAM..........................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES..........................

..........................

..........................

..........................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.


## *Ander Se Menings*

# DODELIKE BEDREIGING VAN BRITSE KANT

**Dit word nou by die dag duideliker dat daar kragte in Engeland aan die werk is wat sal meehelp om die blanke beskawing in Afrika te vernietig, skryf Die Vaderland.**

In hul onkunde en aweregsheid sien hierdie mense dit nie so in nie. Hulle het 'n soort naïewe opvatting dat blank en nie-blank op gelyke voet moet kom en dan sal daar volledige samewerking van die kant van die Africans" vir hul besondere imperiale skemas te vind wees.

'n Portret van die Goudkus se kabinet het onlangs in die koerante verskyn en daarop sien ons 'n paar Britse amptenare saam met negers in hul stamdrag. In liberale kringe in Engeland moet dit groot genoeë opwek, want dit dien as 'n bewys aan die wêreld dat dit vir Engeland erns is met sy gelykstellingsbeleid.

### AL GROTER

Vir die blankes in Afrika, wat toestande hier ken en die naturel se geestespeil deurgrond het, moet dit voorkom as een van die wrangste proefnemings waarin Engeland hom in sy bont geskiedenis in Afrika vermei het. Hierdie dwaasheid — daar is geen ander woord voor nie— begin al groter afmetings aanneem. Verlede week het Arbeiders en Konserwatiewes in die Britse Laerhuis met mekaar gewedywer in 'n poging om die gelykstellingsbeleid in Afrika aan te prys, natuurlik gedurig met 'n haatlike, eiegeregtige verwysing na Suid-Afrika se „rassediskriminasie."

### SWART LEËR

Daar is gepleit dat swart leërs op die been gebring moet word om Engeland by te staan noudat dit sy Indiese soldate kwyt is. Dit is dus duidelik dat ons nou vir die eerste keer in die geskiedenis swart state gaan kry wat ten volle bewapen is en dat nie-blanke soldate in Afrika opgelei sal word, naas die blankes, want in die Britse Laerhuis is verklaar dat daar oral gelykstelling moet wees en dat hulle op gelyke voet in die Britse vloot, lugmag en leër opgeneem moet word.

**Terwyl ons in vrese en bewing ons oë vestig op die Kommunistiese gevaar, wil dit vir ons voorkom of 'n bedreiging wat net so dodelik is nou op ons grense ontstaan het.**

# Na 30 Eeue Nog Steeds Vryheidbewus

**„Ons as Boerevolk het die hoogste agting vir mense wat alles veil het om vir hul regte tot die bitter einde toe te veg. Ons haal ons hoed af vir Griekeland se stryd wat oor dertig eeue heen loop," skryf prof. H. G. Viljoen na aanleiding van die Griekse vryheidsfees op 25 Maart. Hy gaan voort:**

Soos die stryd wat Homeros in sy onsterflike sange besing, staan die Grieke vandag nog brandwag aan die kuste van die Middellandse See. Word hulle deur die Asiaat vernietig, is die toegange tot Afrika vir onuitspreeklike kommunisme oopgewerp en hang ons eie veiligheid aan die suidpunt van Afrika in die weegskaal.

### TAAL GEHANDHAAF

Die Griekse volk is die enigste Westerse volk wat sy taal vanaf die vroegste tyd bewaar het. Vandag kan die opgevoede Griek daarop prat gaan dat die taal van die Nuwe Testament nog sy taal is en hy die regstreekse erfgenaam van sy roemryke verlede is.

Die erfgename van die Voortrekkers in ons land bring hulde aan die erfgename van die eerste voortrekkers, protoskaptoi, van die Westerse beskawing, die grondlêers van die kuns en die wetenskap, wat so kenmerkend van ons beskawing is, die skeppende krag, die oorspronklikheid, die soek na die waarheid om haar selfs wille, die hoogste uiting van die kuns waar die suiwerste eenvoud gepaard gaan met die hoogste skoonheid, die wonderlikste skeppinge in die skone lettere, gekleed in die pragtige gewaad van hul sierlike taal en die welluidendheid en feestelike swier van hul bekoorlike verskuns. Geen taal is dood wat steeds die draer van 'n lewende boodskap is nie.

### WAARDERING VIR BOERE VOLK

Die Griekse gemeenskap in ons land het hulle nie onbetuig vir die Voortrekkers se prestasies gelaat nie. Uit vrye beweging, om hulle waardering vir die Boerevolk te toon, was hulle die enigste volk wat 'n aansienlike bedrag vir die bou van die Voortrekkermonument bygedra het; toe die Fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit van Pretoria tot stand gekom het, het hulle andermaal 'n mooi bedrag geskenk, en die pas ontslape sterrekundige, dr. Paraskevopoulos, as voortreflike geleerde, het hom die moeite getroos om spesiaal vir die geleentheid van Maselspoort na Pretoria oor te kom om die oorhandiging waar te neem: as protoskaptos teenoor protoskaptos is vir die adellike Griek net die allerbeste goed genoeg.

### SAAMGEWEEF

In die stryd wat op die gesigseinder opdoem, is die lot van die Boerevolk ten nouste saamgeweef met die lot van die bewoners van Hellas. **Mag die viering van die bevryding van Hellas 'n spoorslag ook vir ons volk wees om saam te staan en in die vryheidstryd te volhard: 'n eervolle dood is skoner as 'n slawebestaan: Lewe die Vryheid!**

# Provinsiale Stelsel 'n Skaafplek

**Nog 'n minister van Finansies van die Unie het die hande saamgeslaan oor die hoofbrekens wat die provinsiale administrasies hom besorg met hul steeds toenemende uitgawe waaroor hy geen volstrekte beheer het nie maar waartoe hy in ruime mate moet bydra skryf Die Transvaler.**

**Die provinsiale bestuurstelsel is 'n kompromis-stelsel waarmee die Nasionale Konvensie die land opgesaal het, met die onvervulde verwagting dat dit spoedig sou verdwyn.** Intussen het die provinsiale besture saam met hul verpligtinge sulke kolossale afmetings aangeneem dat dit nagenoeg 'n omwenteling sal kos om hulle te vervang.

### AFSKAFFING

Die eerste en voor die hand liggende vraag is of daar eindelik maar in die stelsel berus gaan word en of die gedagte aan afskaffing dus eens en vir altyd laat vaar moet word. Dit spreek vanself dat dit vrugteloos en onnatuurlik is om die besture in allerlei vorme te laat voortgedy, met, soos in die afgelope 41 jaar, die swaard steeds bo hul hoof. Is hierdie aspek volkome buite twyfel gestel, moet die noodsaaklikste veranderinge op die bestaande grondslag aangebring word, indien dit dan nie anders kan nie. By die wysiginge inbegrepe, moet noodwendig die finansiële verhouding met die sentrale regering wees, al beteken dit dat die stelsel daarby aangepas moet word. Op die oomblik is dit — soos die afgelope 41 jaar — die skrynerigste skaafplek in die hele bedeling. **Bes moontlik moet die soveelste kommissie van ondersoek maar gou-gou nog eens aan die werk spring.**

(Vervolg van bls. 2 kol. 5)

as daar van Stalin gepraat word.

Stalin is so bang vir die dood dat hy jare reeds 'n span wetenskaplikes aan die gang hou om die geheim van ewigdurende lewe te ontdek. Sover die wêreld weet het hulle nog nie in hul doel geslaag nie en is die vooruitsig dat Stalin ook maar eendag sal moet sterf — net soos die miljoene wat hy om die lewe laat bring het.

### *Stalin word „Ordentlik"*

Gedurende die tweede wêreldoorlog het Stalin „ordentlik" geword. Sy beskeie titel van sekretaris het hy verruil vir die glansryker titels van Eerste Minister en Veldmaarskalk. Vir veldmaarskalk Stalin het Amerika se Roosevelt, Engeland se Churchill en selfs Suid-Afrika se Smuts bondgenoot en vriend genoem. Stalin het die stempel van sy „ordentlikheid" ook op sy bondgenote afgedruk. Dit is hy wat die onvoorwaardelike oorgawe van die Duitsers geëis en gekry het. Dit is hy wat die „denazifikasie" van die Duitsers geëis en die Nurenberg-vervolging en die daaropvolgende vervolgings tot vandag toe verkry het. Dit is hy wat beloning vir agressie geëis het en die hele Balkan-gebied sowel as Finland en die Baltiese state gekry het. Dit is hy wat duisende Poolse offisiere in die bos van Katyn laat vermoor het en wat nie daaroor deur sy bondgenote verwyt is nie. Dit is hy wat miljoene krygsgevangenes in Rusland aanhou om slawearbeid te verrig; dit is hy wat miljoene mense uit hul bestaansveilige woongebiede verskuif het na noodlydende arbeidskampe — sonder dat sy bondgenote hom veroordeel het onder die volkereg. Dit is hy wat sonder teenspraak geleer het dat die veroweraar se grille geregtigheid is en die verowerde se ellende verdiende loon is.

Dit is maar eers weer in die jongste tye dat „premier" Stalin en „veldmaarskalk" Stalin van sy „ordentlikheid" begin ontdoen raak en dat die wêreld weer die ou rakker wat tydelik vermom was begin raaksien.

Aanstaande week sal ek iets vertel van Stalin die adonis en atoomdeskundige.

# Sabra Vra Ontwikkeling Van Bantoe-Gebiede

**Besorgdheid oor die mate waartoe naturelle geïntegreer is in die blanke ekonomie, is deur die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede uitgespreek in 'n onderhoud met die minister van naturellesake, dr. H. F. Verwoerd, luidens 'n verklaring wat deur Sabra uitgereik is.**

**Die komitee het dit as sy oortuiging teenoor die minister uitgespreek dat as sulke integrasie toegelaat word om ongehinderd voort te gaan, dit noodlottige gevolge vir blankes sowel as naturelle sal hê.**

'n Beleid van aparte ontwikkeling van die twee rasse met behoorlike geleenthede vir naturelle om in hulle eie gebiede te ontwikkel, is bepleit. Om dit te bereik, moet nywerhede gestig en ander stappe gedoen word vir die grootskaalse ontwikkeling van sulke gebiede, word in die verklaring gesê.

Sabra het sy waardering uitgespreek vir die minister se optrede om 'n beplanningskommissie vir die naturellegebiede aan te stel. Sabra beveel aan dat oorweging geskenk sal word aan die stigting van 'n ontwikkelingskorporasie vir sulke gebiede, moontlik van dieselfde tipe as Yskor of Escom, om ontwikkeling in elke sfeer uit te voer."

### KOöRDINASIE

**Ten einde die land se algemene ekonomiese beleid in ooreenstemming te bring met die beleid van aparte ontwikkeling, het die afvaardiging versoek dat 'n liggaam aangestel sal word wat in medewerking met die ontwikkelingskorporasie die ekonomiese ontwikkeling van die hele land kan koördineer en beplan.** Die staat dra 'n spesiale verantwoordelikheid in hierdie saak, veral in die verkryging en/of voorsiening van die nodige kapitaal om die ontwikkeling van die naturellegebiede uit te voer.

Die minister het geantwoord dat die idee van 'n ontwikkelingskorporasie reeds voor die algemene verkiesing 'n deel was van die Nasionale Party se program en dat dit ook begunstig is in die negende verslag van die Maatskaplike en Ekonomiese Beplanneraad. Dit is egter noodsaaklik om duidelikheid te hê omtrent die verskillende vraagstukke waarvoor te staan gekom sal word, soos bv. differensiasie van lone, mededinging tussen nywerhede in die verskeie gebiede, vervoer, elektrisiteit en watergeriewe en ander sake.

### KOMITEE BENOEM

Die kabinet het reeds besluit om 'n inter-departementele komitee aan te stel om op die vraag in te gaan. Die departemente van naturellesake, ekonomiese sake, arbeid en vervoer sal op hierdie komitee verteenwoordig wees. Die komitee sal besluit oor verdere optrede, ook die beplanning en finansiering van enige program.

Met die oog op die ontwikkeling van die naturellegebiede het die afvaardiging ook versoek dat die land se nywerheidswetgewing, waar nodig, hersien moet word om naturelle in staat te stel om as geskoolde werkers opgelei te word vir die nywerhede wat daar opgerig moet word. Die afvaardiging het ook gevra dat aandag geskenk sal word aan die voorsiening van geskikte opleidingsentrums in daardie gebiede, waar die Bantoejeug opgelei kan word — op 'n praktiese grondslag in ooreenstemming met hul eie lewenswyse — as tevrede burgers in hul eie gebiede.

### VRAAGSTUK IN STEDE

Die minister het in antwoord hierop verwys na die Wetsontwerp op Naturellewerkers in die Boubedryf wat reeds by die Parlement ingedien is. Dr. Verwoerd het ook gevra dat die afvaardiging die verslag van die kommissie vir nywerheidswetgewing wat binnekort gepubliseer sal word, moet afwag.

Betreffende die vraagstuk van naturelle in stedelike gebiede het die afvaardiging daarop gewys dat die permanente vestiging van naturelle in stedelike gebiede sover moontlik voorkom moet word, en dat daar meer doeltreffende beheer oor die instroming van naturelle in sulke gebiede sal wees.

Stappe moet ook gedoen word om 'n behoorlike verdeling van naturelle-arbeid te bewerkstellig deur die oprigting van 'n geïntegreerde stelsel van arbeidsburo's en deur ander metodes.

Dr. Verwoerd het gesê dat sulke stappe reeds gedoen is.

### AANBEVELINGS

Met die oog op die kritieke behuisingstekort waarmee die stedelike naturellebevolking te kampe het, het die afvaardiging aanbeveel: (a) dat sover moontlik gebruik gemaak sal word van naturelle-arbeid vir die bou van huise vir naturelle in stedelike gebiede; (b) dat deur wetgewing voorsiening gemaak moet word vir die opleiding van naturelle as ambagsmanne wat slegs in naturelle-woongebiede gebruik moet word; en (c) dat met die oog op die byna onoplosbare moeilikhede wat ondervind word met die verkryging van grond om naturelle aan die Witwatersrand te huisves, moet die Unie-regering hulp aan die plaaslike owerhede verleen deur die uitskakeling van moeilikhede en die skepping van die nodige masjinerie vir daardie doel.

Die minister het verklaar dat punte (a) en (b) reeds gedek is deur die nuwe wetgewing en dat hy doen wat hy kan omtrent punt (c).

### EEN DEPARTEMENT

Die afvaardiging het sy vaste oortuiging uitgespreek dat 'n naturellebeleid slegs doeltreffend uitgevoer kan word as een staatsdepartement — die departement van naturellesake — vir daardie beleid verantwoordelik is. Alle funksies betreffende naturelle wat tans onder die beheer van ander departemente of liggame is, behoort so spoedig moontlik aan die departement van naturellesake oorgedra te word. Voorts moet die ontwikkeling en uitbreiding van daardie departement beskou word as 'n saak wat voorrang moet geniet in staatsbeleid.

Dr. Verwoerd het gesê dat daardie beginsel die grondslag gevorm het van die 1936-wetgewing. Onder die vorige regering was daar egter baie afwykings van daardie praktyk. Die beleid van die Nasionale Party, soos geformuleer in 1947, is gerig op 'n terugkeer tot die vorige beginsel.

Die afvaardiging het bestaan uit prof. G. B. A. Gerdener, voorsitter van Sabra, prof. B. I. C. van Eeden, prof. F. J. L. Sadie, mnr. J. P. van S. Bruwer, mnr. J. P. N. Myburgh, organiserende sekretaris, mnr. N. J. J. Olivier en dr. A. Hertzog

---

**Die Unie van Suid-Afrika** het sedert die oorlog 'n bevolkingswins aan immigrasie gehad van 53,178, volgens syfers wat deur die Voorligtingskantoor verstrek is. Teenoor 105,911 immigrante wat die land binnegekom het, het 52,733 die land verlaat.

# RYS HELP GLO VIR HOË BLOEDDRUK

**'n Aanspraak dat rys die beste middel teen hoë bloeddruk is wat nog ontdek of ontwikkel is, word gemaak deur dr. Walter Kempner van Noord-Carolina, V.S.A., wat 'n rysdieet vir sy pasiënte voorskryf en baie gunstige resultate daarmee behaal het.**

Daar word verklaar dat die Sjinese en ander Asiatiese volke eeue lank hoofsaaklik van rys lewe en dat hoë bloeddruk en hartkwaal feitlik onbekend by hulle is. Op grond van hierdie waarneming het dr. Kempner sy behandeling aan die Duke-hospitaal begin en sedert 1944 is reeds meer as 1800 pasiënte daar behandel. 1,200 van hulle het, in die woorde van dr. Kempner, „opvallend gebaat" daarby.

Die dieet bestaan uit ongeveer 'n koppie vol rys (droë gewig) per dag, soveel vars vrugte en vrugtesap as begeer word en ongeveer 'n handvol suiker. Dit is al maar daar word nietemin 'n paar vitamin-pille bygevoeg om te voorsien in noodsaaklike voedingstowwe. Later mag 'n artappel. of tamatie-skyfie bygevoeg word, maar daar word beklemtoon dat die dieet onder toesig van die geneesheer gevolg moet word.

Hoë bloeddruk, so word verklaar, is maar een deel van 'n reuse-seekat wat meer lewens eis as enige ander siekte. 'n Ander deel daarvan is nierkwaal, en dit was op pasiënte wat aan laasgenoemde kwaal ly dat dr. Kempner sy dieet begin toepas het.

Die geneeshere in Amerika staan verdeeld oor die aanspraak van dr. Kempner en sy aanhang is nie groot nie. Twee groepe dokters het onlangs toetse uitgevoer en in die Amerikaanse mediese tydskrif het die een groep gerapporteer dat die bewerings van dr. Kempner in 'n betreklike kort tydjie deur hul proefnemings gestaaf is.

Nietemin is die mediese standpunt nog dat dit te vroeg is om ander behandelings opsy te skuif vir so 'n eentonige dieet wat boonop vandag baie skaars is.

# Land Betaal Duur Vir Partystelsel

**„Vir 'n land waar 'n mens met twee kulture en twee volksgroepe te doen het, blyk dit kort-kort meer as duidelik watter euwels aan die partypolitieke stelsel verbonde is. Die vernaamste hiervan is ongetwyfeld dat dit maar alte dikwels ons onpartydige, objektiewe kritiek ondermyn. Ons het die afgelope tyd weer baie mooi voorbeelde gehad van die neiging dat as 'n mens 'n hond wil slaan, dan kan jy maklik 'n stok daarvoor kry," skryf Die Vaderland in 'n hoofartikel.**

„Omdat ons 'n regering het wat uit Afrikaanssprekendes bestaan, gaan dit waarlik baie moeilik vir iemand met 'n jingogees om iets goeds van hulle te sê. Baie is in so 'n onredelike bui dat die Regering kan doen net wat hy wil, en tog word alles voor die voet veroordeel. Hierdie geestestoestand is vir 'n land en vir gesonde kritiek uiters ongesond en dit help nie om mense geestelik op te voed om volledige burgers te word nie. Dit maak hulle eensydig, en alle eensydigheid is op stuk van sake onbillik.

### EUWELS

„Die partystelsel, met al die voordele wat daaraan verbonde is, het nog 'n skaduweekant wat vir ons ekonomiese lewe nie gesond is nie. **Die party wat in die opposisie is, moet die regering bestry. Hoe flink die regering ookal 'n belangrike vraagstuk mag aanpak, van die kant van die opposisie sal net kritiek en veroordeling kom. Hierby maak die opposisie ook voortdurend beloftes aan die kiesers-publiek.** As hulle aan die bewind sou kom, is hierdie of daardie voordeel of verbetering te wagte. Kom hulle dan aan die bewind, begin die moeilikheid. Beloftes moet uitgevoer word, en die een wat gewoonlik moet instaan, is die belastingbetaler. Hierdie of daardie skema is belowe, maar dit kos geld om dit tot uitvoer te bring. Maar die geld moet nogtans gevind word. **Hoewel 'n nuwe regering nie mag saamstem met die verpligtings en beloftes wat 'n vorige bewind aangegaan het nie, bly hy nogtans daarmee opgesaal en daarby kom dan dat hy ook alles moet doen om sy verkiesingsprogram uit te voer.**

### STYGENDE UITGAWES

„So vind ons dan vandag dat ons Skatkis voor steeds stygende landsuitgawes staan en dat die geld daarvoor gevind moet word. Die belastingbetaler mor en kla, en daar is reeds diegene wat daarop wys dat ons gedurende die oorlogsjare vir Engeland nageaap het met die kreet „social security" om drastiese belastings op ons beperkte groep belastingbetalers met 'n hoër inkomste te hef, wat op die duur, net soos in Brittanje, inisiatief sal ondermyn en die gans sal verwurg wat die goue eiers lê. **Ons het egter met 'n heillose kringloop te doen. Die minister van finansies is self vasgevang in die dinamiese stuwing wat deur die politieke partye se wedywering met mekaar aan die gang gesit is.** Maar dit is die belastingbetaler wat keer op keer die gelag moet betaal in 'n tyd van stygende lewenskoste en inflasieneiging van ons geld."

# GOUDMYNE SE WINSTE MOET HIER BLY

Groot winste is die afgelope week aangekondig deur 'n paar Randse myne.

East Geduld Mines se totale wins was £4,505,015, waarvan £2,081,250 aan diwidende uitbetaal is, wat neerkom op 4/7½d. per aandeel van 4/-.

Grootvlei Proprietary Mines se wins was £3,800,115, waarvan £1,715,822 aan diwidende uitbetaal is, bereken teen 3/- per 5s.-aandeel.

**Deur twee myne alleen is dus £4,000,000 aan diwidende uitbetaal. Hoeveel van hierdie geld het binne ons land gebly en hoeveel daarvan het in die skoot geval van oorsese beleggers?**

**Die beleid van die Ossewabrandwag is dat die goudbedryf volksbesit gemaak moet word sodat die winste daarop binne ons land kan bly. 'n Deel daarvan kan dan aangewend word vir die ontwikkeling van nuwe myne in plaas van in die sakke van buitelanders te beland van wie dit weer teen 100 en 60 persent rente „geleen" moet word, soos uit bogenoemde aandele-uitkerings blyk.**

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

**NET 'N PAAR ITEMS**

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# Benoeming 'n Aanklag Teen Verkeerde Gees

## Mnr. George Wynne As Senator

**Die Burger het verlede week berig dat mnr. George Wynne, die Engelssprekende lid van die H.N.P. se hoofraad in Kaapland, deur die regering benoem gaan word as lid van die senaat in die plek van dr. Karl Bremer wat bedank het ten einde die volksraadsetel Ceres te betwis. Mnr. Wynne, wat tydens die oorlog 'n offisiersinstrukteur en regter-advokaat van die krygsrade van die leër was, het na die oorlog by die H.N.P. aangesluit.**

Sedertdien het hy reeds tweemaal as kandidaat van die H.N.P. in Port Elizabeth-Noord geveg om 'n setel in die parlement en provinsiale raad onderskeidelik, dog sonder welslae. Daarna is hy deur die H.N.P.-lede van die Kaaplandse kieskollege benoem as kandidaat van die senaat, waar hy ook uitgeval het. Nou word berig dat hy deur die regering as een van die agt benoemde senatore aangestel sal word. Hy sal die derde Engelssprekende wees van die agt benoemde senatore onder die huidige bewind.

Vir lede van die Ossewabrandwag het die kandidatuur van mnr. Wynne telkemaal 'n slegte smaak in die mond gelaat. Die rede daarvoor is voor die hand liggend:

### JOHN VORSTER

In 1948 het die H.N.P.-leiding geweier om die kandidatuur van 'n republikeinse Afrikaner wat deur die Afrikanerparty in Brakpan vir die parlement benoem is, te ondersteun. **Hierdie Afrikaner, mnr. John Vorster, was tydens die oorlog geïnterneer onderwyl mnr. Wynne soldate vir die oorlog opgelei het.**

**Ons vind dit onverklaarbaar dat 'n republikeinse Afrikaner wat vir sy vryheidsoortuiging gely het, nie goed genoeg is vir die parlement nie, terwyl 'n nuwe Engelssprekende rekruut van die H.N.P. onmiddellik na sy aansluiting wel geskik is om nasionale Afrikaners in die volksraad te verteenwoordig.**

### NOG TWEE

In 1949 het die H.N.P.-leiding geweier om sy ondersteuning te gee aan twee Afrikanerparty-kandidate vir die provinsiale raad — mnr. Max Smuts in die Paarl en mnr. Michiel Eloff in Ventersdorp—op grond daarvan dat hulle lede van die republikeinse Ossewabrandwag was. **In dieselfde jaar egter benoem die H.N.P.-leiding mnr. Wynne as kandidaat vir die provinsiale raad in die kiesafdeling Port Elizabeth-Noord.**

In 1948 het die H.N.P.-lede van die Kaaplandse kieskollege geweier om oud-senator Naas Raubenheimer wat vir meer as twintig jaar die nasionale Afrikanerdom in die parlement verteenwoordig het — eers as volksraadslid en later as senator — weer te benoem as kandidaat vir die senaat.

**Ons vind dit vreemd dat 'n republikeinse senator wat hom tydens die oorlog beywer het vir die welsyn van geïnterneerde Afrikaners oor die hoof gesien moet word terwille van 'n Engelssprekende wat tydens die oorlog in die leër gedien het.**

### ANDER OORWEGING

Daar kom nog die verdere oorweging: Die sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk het onlangs bedenkinge uitgespreek teen mnr. Wynne op grond van sy Katolieke verband, en die Protestantse Reveille van November 1950 het onderstaande nuusbrokkie omtrent mnr. Wynne bevat:

„Luitenant-kolonel George Wynne, wat tot die Hoofraad van die Nasionale Party aangestel is, is 'n Rooms-Katoliek. Hy het onlangs 'n vergadering van 'n Roomse Mans-vereniging toegespreek oor die behoefte aan die insypeling van Rooms-Katolieke in die Afrikaanse kultuur en sosiale organisasies."

### PARTYPOLITIEK

Daar mag aangevoer word dat politiek en godsdiens met mekaar geen verband behoort te hê nie. Die Afrikaner se geestelike samestelling is kragtens sy herkoms egter op protestantse lees geskoei en dit het aan hom 'n baie spesifieke lewensopvatting ook ten opsigte van die politiek gegee. **Wanneer 'n party-leiding dus uit sy pad gaan om republikeinse, protestantse Afrikaner te verwilder terwyl hy Engelssprekende Katolieke verhef, dan het ons te doen met daardie verkeerde gees van die partypolitiek wat lidmaatskap van die party hoër stel as volksgenootskap.**

As daardie volksgenote onnasionaal was, sou daar vir diskriminasie teen hulle nog iets gesê kon geword het, maar nou is die feit dat hierdie mense 'n paar weke gelede nog die volgende getuienis ontvang het uit die mond van 'n H.N.P.-parlementslid (mnr. W. D. Brink):

### AANKLAG

„'n Ander rede (vir hul internering) is dit: **Omdat die mense opgekom het vir hul Afrikaanse kultuur, omdat hulle nie so gedwee in die oorlogstyd wou aansluit en die rooi lussie dra nie; omdat hulle Afrikaans gepraat het en Afrikaans-bewus was . . .**" (Hansard, 16 Maart 1951).

Die O.B. haal hierdie dinge aan nie om te verwyt of as ou koeie uit die sloot nie. **Die diskriminasie teen O.B.-Afrikaners is nog nie opgehef nie — selfs nie by die oop graf van 'n oud-stryder uit die Tweede Vryheidsoorlog wat deur hulle begrawe word nie.**

Solank hierdie diskriminasie amptelik gehandhaaf word, is aanstellings van Engelssprekendes in hoë posisies 'n aanklag wat voor die regbank van die volksgewete gelê behoort te word.

## Atoomgeheime Verklap

Twee mans en 'n vrou, Julius Rosenberg, Morton Sobell en Ethel Rosenberg is verlede week in Amerika skuldig bevind op aanklag dat hulle atoomgeheime aan Rusland laat toekom het. Nog twee ander persone, David Greenglass en Jakovlef, het aan die spioenasie-bedrywighede deelgeneem, maar laasgenoemde het na Rusland gevlug. Greenglass word binnekort verhoor.

# DOOF-BLINDE VROU OPENBAAR HAAR LEWENSBESKOUING

**Die wêreldberoemde blinde en dowe vrou, mej. Helen Keller, het verlede week tydens 'n veertiendaagse besoek aan Kaapstad iets van haar lewensbeskouing meegedeel. Mej. Keller, wat sedert haar negentiende maand weens 'n siekte sowel haar gesig as gehoor verloor het, het die wêreld verstom met haar lewensmoed en lewensblydskap waarmee sy almal rondom haar opbeur.**

Sy het met behulp van 'n onderwyseres geleer om selfs te praat, hoewel dit vandag nog moeilik gaan om haar te verstaan, en het later 'n universiteitsgraad behaal en bekendheid verwerf as 'n skryfster. Sy is hoofsaaklik aangewese op haar gevoel, met behulp waarvan sy klanktrillings kan onderskei en gevolglik met haar vingers teen 'n persoon se mond kan „hoor" wat hy sê.

Hierdie vrou wat in die afgelope 70 jaar van haar lewe in 'n stil, donker wêreld bestaan het, het desondanks 'n lewe van groot toegewyde diens gevoer en haar hoofsaaklik daarop toegelê om die lot van blindes en dowes te verbeter.

Toe sy verlede week opgetree het voor 'n gehoor in Kaapstad is 'n aantal vrae aan haar gestel. Op die vraag wat haar lewensbeskouing is, het sy geantwoord: „Jy kry uit die lewe 'n verhouding tot wat jy daarin steek."

„Waarom is u so gelukkig?" het 'n ander vraag gelui. Die antwoord was: „Omdat ek vertroue het in God en my medemens."

Iemand het haar gevra watter boeke die meeste invloed op haar gehad het. Sy het verskillende klassieke werke aangehaal, o.a. van Sokrates, Kant, Descartes, ens., en die digwerke van Shelly, Keats en Wordsworth, en daaraan toegevoeg: **„Maar bo alles is die boek wat ek die meeste lees en die meeste geniet, die Bybel, wat soos 'n rivier van lig deur my lewe gevloei het."**

**Atoom-aangedrewe duikbote** wat so vinnig as sestig myl per uur onder water kan vaar, sal binne 'n jaar by die Amerikaanse vloot gevoeg word, het die voorsitter van die senaat se handelsvlootkomitee verlede week gesê.

# Argentinië Verras Wêreld Met Eie Atoomkrag

**Argentinië het met behulp van Duitse wetenskaplikes daarin geslaag om atoomkrag aan te wend langs 'n nuwe metode, volgens 'n aankondiging deur die president, Juan Péron. Daar is in geslaag om 'n „beheerde" atoomontploffing te bewerkstellig en om atoomreaksies in die laboratorium te verwek soos dié wat in die son plaasvind. Die wetenskaplike wat vir hierdie prestasie verantwoordelik is, is 'n Duitse immigrant, prof. Ronald Richter, wat drie jaar gelede uit Oostenryk in Argentinië aangekom en sedert dien Argentynse burgerskap ontvang het.**

In 'n nadere toeligting van sy aanspraak het prof. Richter gesê dat sy stelsel van praktiese nut sal wees, aangesien dit gebruik kan word vir die algehele verdamping vir smeltdoeleindes van metale op goedkoop wyse. Die toepassing daarvan in die nywerheid hang egter nog af van die nodige toerusting wat aangeskaf sal moet word.

Hy het gesê dat Argentinië moontlik in staat sal wees om atoom- en waterstofbomme te produseer, maar dat pres. Peron gekant is daarteen. Dit sal egter net soveel kos om 'n waterstofbom te maak as vir enige ander land.

### NUWE METODE

By die atoomnavorsing in Argentinië is ander metodes gevolg as in die Verenigde State. Argentynse wetenskaplikes het voor dieselfde vraagstuk as die Amerikaners te staan gekom — die triton-vraagstuk. Maar in plaas van die lang uraan-proses te gebruik, het hulle die waagstuk onderneem om 'n heeltemal nuwe metode te volg. Op 16 Februarie het hulle daarin geslaag om 'n termo-kernontploffing te weeg te bring teen 'n koste wat oneindig veel kleiner is as wat verwag is. Dit is heeltemal verskillend van kernsplitsings.

## Een Uit Vier Sterfgevalle Te Wyte Aan Selfmoord

Sterfgevalle onder studente in Engeland het 'n verontrustend hoë syfer bereik, volgens dr. R. Parnell wat 'n ondersoek na siekteverskynsels by studente ingestel het. Sy bevinding was dat van 35 sterfgevalle aan die Universiteit van Oxford nie minder as 9 aan selfmoord toegeskryf word. Hy meen dat dit nie 'n na-oorlogse verskynsel is nie, aangesien die Amerikaanse universiteit van Michigan voor die oorlog bevind het dat 15 persent van die sterfgevalle onder die studente deur selfmoord veroorsaak word. Die syfer van Oxford is byna 10 persent hoër.

## Die Volkstem Gestaak

Die oudste Afrikaanse koerant, Die Volkstem, wat in 1873 in Pretoria tot stand gekom het, het verlede week, volgens aankondiging van die direkteure, sy laaste verskyning gemaak tot tyd en wyl toestande meer rooskleurig word.

Die blad, wat tydens die Republiek se dae 'n ondersteuner van pres. Kruger was en tweekeer deur die Engelse gesluit is, het sedert Unie die beleid van genls. Botha en Smuts ondersteun en het geleidelik agteruit gegaan totdat dit verlede jaar oorgeslaan het tot 'n weekblad. Tans word publikasies geheel en al gestaak.

## POUS BELEDIG: GEVONNIS

**'n Italiaanse parlementslid, Laura Dias, wat aan die Kommunistiese Party behoort, is verlede week verhoor op aanklag dat sy die Pous beledig het. Sy het 'n opgeskorte vonnis van agt maande tronkstraf gekry en moet die koste van die geding betaal.**

Die woorde wat sy gebruik het was: „Die hande van die Pous is met die bloed van die kinders van Griekeland en Palestina bevlek omdat hy nie 'n vinger verroer het om die oorlog in Griekeland en Palestina te beëindig nie, net so min as wat hy 'n vinger verroer het om die wêreldoorlog te beperk of te beëindig."

Belediging van die Pous is in Italië strafbaar met vyf jaar tronkstraf en berus op 'n ooreenkoms wat in 1929 tussen die Pous en die Italiaanse regering aangegaan is.




„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.